

DA eis antwoord van Mantashe

Malherbe Nienaber

Die DA in die Wes-Kaapse wetgewer het weer vir Gwede Mantashe, minister van mine-ralebronne en energie, gevra om te verduidelik waarom die provinsie se versoek vertraag word om krag van onafhanklike verskaffers te koop.

Deidré Baartman, DA-lid van die wetgewer en voorsitter van die staande komitee oor finansies, ekonomiese ontwikkeling en toerisme, het gister in 'n verklaring gesê sy het Mantashe genooi om die komitee dié keer op 19 November toe te spreek oor die versoek om krag in die Wes-Kaap regstreeks van onafhanklike kragverskaffers te koop, soos uiteengesit in art. 34 van die Wet op die Regulering van Elektriesiteit van 2006.

Mantashe moet sê waarom sy departement en die Nasionale Energiereguleerder (Ner-

sa) “sloer” met die goedkeuring wat die Wes-Kaap glo “onafhanklik van Eskom sal maak en van beurtkrag sal verlos”.

“Die wet bepaal dat munisipaliteite die reg het om krag van onafhanklike bronne te verkry, met die goedkeuring van die nasionale minister van energie. Die minister moet dié proses dringend bespoedig.”

Eskom het Woensdag fase 2-beurtkrag aangekondig.

Baartman sê dit kan na raming tot 'n verlies van R150 miljoen per dag vir die provinsie se ekonomie lei.

Sy het verder benadruk dat die Ankerlig-kragstasie by Atlantis steeds diesel gebruik om krag op te wek, terwyl dit na vloeibare aardgas kan oorskakel om Eskom miljarde te bespaar en ekonomiese geleentheid in die Wes-Kaap te ontsluit.

“Die nasionale departement het verskeie ander oplossings

vir die kragkrisis wat hy weier om te oorweeg. Dié huiwering maak ons ekonomie dood.”

Alan Winde, Wes-Kaapse premier, het Woensdag gesê die beurtkrag wat skielik aangekondig is, “is die laaste strooi”.

“Pres. Cyril Ramaphosa moet sy minister beveel om munisipaliteite toe te laat om krag van stelsels van 1 megawatt (MW) tot 10 MW aan te koop, wat na nuwe kapasiteit vir kragopwekking sal lei.”

Winde sê beurtkrag is ingestel teen die agtergrond van miljarde rande wat opgedok word vir 'n reddingsboei aan Eskom.

“Die onmiddellike gevolge is my provinsiale regering moet deur die pynlike proses gaan om besteding aan noodsaaklike dienste soos skole, hospitale en klinieke te besnoei om dit te finansier. En vir wat? Meer beurtkrag.”



Woolworths se drasak met die kleure van die ou Suid-Afrikaanse vlag wat hy van sy rakke verwyder het. Foto: REDDIT



Ons is spyt oor die kleurkeuse op die sak en het nie bedoel om aanstoot te gee nie.

— WOOLWORTHS

Woolies onttrek sak wat soos ou vlag lyk

Petrus Malherbe

Woolworths het bevestig hy het 'n drasak uit al sy winkels verwyder waarvan die kleure sterk aan die ou Suid-Afrikaanse vlag van die apartheidsera herinner.

Volgens 'n woordvoerder van die winkelgroep is die sak nie in Suid-Afrika ontwerp nie, hoewel dit ook hier te koop was.

Die sak is deur Country Road in Australië ontwerp. Woolworths besit Country Road.

Die sak is intussen uit winkels in Suid-Afrika en Australië verwyder, het Woolworths by navraag bevestig.

Country Road se spoggerige drasakke word gekenmerk deur dieselfde tipe ontwerp van vyf gekleurde strepe.

Die betrokke sak was deel van die maatskappy se jongste aanbod wat aangepas word in ooreenstemming met die seisoene, sê Woolworths.

Die strepe op die sak was van bo na onder wit, oranje, wit, blou en swart. Die ou Suid-Afrikaanse vlag is ook oranje, wit en blou van bo na onder.

Boonop lyk die oranjeskake-

ring op die Country Road-sak op 'n haar soos die skakering op die ou vlag.

“Ons is spyt oor die kleurkeuse op die sak en het nie bedoel om aanstoot te gee nie,” sê Woolworths. Die winkelgroep vra ook om verskoning aan “al sy Suid-Afrikaanse kliente”.

Woolworths kon nie bevestig hoe lank die sak al beskikbaar was voordat dit van winkelrakke verwyder is nie.

'n Foto daarvan is op die sosiale netwerk Reddit gedeel in 'n groep vir Suid-Afrikaners. In 'n byskrif word daar gespot dat 'n ontwerper by Country Road waarskynlik binnekort afgedank gaan word weens die omstrede ontwerp van die sak.

Intussen het Truworths vandeeweek ook onder skoot gekom nadat 'n foto op Twitter geplaas is waarop wit en swart winkelpoppe afsonderlik uitgestal word. Die wit poppe verskyn onder die handelsmerk vir Daniel Hechter terwyl die swart poppe onder die handelsmerk vir Uzzi verskyn. Truworths ontken egter enige bybedoelings met hoe die poppe gerangskik is.



KENNISGEWING VAN TENDERKANSELLASIE

Kennis geskied hiermee dat die volgende tender gekanselleer is:

TENDER NUMBER: T03/19/20

Tenderbeskrywing: Lewering van Nasionale Senior Sertifikaat-opleiding vir die tydperk tot 30 Junie 2022

Rede vir kansellasië: Die tender is gekanselleer as gevolg van nie-nakoming deur tenderaars.

TENDERUITNODIGING

TENDERKENNISGEWING: T21/19/20

LEWERING VAN NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-OPLEIDING VIR DIE TYDPERK TOT 30 JUNIE 2022

Swartland Munisipaliteit vra hiermee tenders aan van toepaslik-ervare diensverskaffers vir die lewering van Nasionale Senior Sertifikaat-opleiding vir die tydperk tot 30 Junie 2022, soos in die amptelike tenderdokumentasie gespesifiseer.

Die dokumente kan gedurende normale kantoorure van Jo-Maré van der Westhuizen by tel. 022 487 9700 by die Munisipale Kantore, Malmesbury, h.v. Hill- en Piet Retiefstrate, langs die Checkers-ingang, afgehaal word. 'n Nie-verhaalbare kontantfooi van **R100,00** is aan die Swartland Munisipaliteit betaalbaar vir die afhaal van **hardekopieë** van die tenderdokumente. Gratis, elektroniese tenderdokumente is op aanvraag beskikbaar. Onvolledige dokumente sal nie aanvaar word nie.

Kwotasies en alle tersaaklike dokumentasie, in 'n geseëde koefert, duidelik gemerk “**TENDER T21/19/20 – LEWERING VAN NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-OPLEIDING**” moet voor **12:00 op Vrydag, 22 November 2019** in die tenderbus by die munisipale kantore, h/v Kerk- en Voortrekkerstrate, Malmesbury ingedien word. Geen kwotasies sal laat, elektronies of per faks aanvaar word nie.

Tenders sal geëvalueer word ingevolge die Raad se Voorkeurverkrigingsbeleid en die spesifikasies wat saam met die tenderdokument uitgereik sal word. Die kontrak sal ingevolge die 80/20-voorkeuropuntestelsel geëvalueer word. Die Voorkeurverkrigingsbeleid is gedurende normale kantoorure ter insae by die munisipale kantore beskikbaar.

Die Swartland Munisipaliteit onderskryf en ondersteun die Regering se Swart Ekonomiese Bemagtigingsprogram en is daartoe verbind om die ongelykheid van die verlede reg te stel. Tenderaars wat vir **die voordele van die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (B-BBEE) wil kwalifiseer, moet Bylaag MBD 6.1 (deel van die tenderdokument) volledig voltooi. Daar sal geen voorkeur wees indien die skedule nie volledig voltooi is nie. Voorkeerpunte MOET ook in paragraaf 6.1 geëis word.** Tenderaars word versoek om oorspronklike en geldige B-BBEE-statusvlak verifiëringstifikate of gewaarmerkte afskrifte daarvan in te dien, ten einde hul B-BBEE-graderingseise te substansieer.

Hierdie tenders is onderhewig aan die Algemene Tendervoorwaardes, en indien van toepassing, enige ander Spesiale Tendervoorwaardes. Swartland Munisipaliteit word nie daartoe verbind om die laagste, 'n gedeelte van 'n tender of 'n tender in geheel te aanvaar nie.

Swartland Munisipaliteit
Privaat Sak X52
Malmesbury
18 Oktober 2019

JJ Scholtz
Munisipale Bestuurder

Kennisgewing van Algemene Jaarvergaderig (AJV)

Die Sea Point City Improvement District NPC (SPCID) hou 'n AJV. Alle belanghebbende persone word genooi na 'n oorsig van die jaar se bedrywighede en beplanning vir 2020/21.

Datum: 14 November 2019
Tyd: 10h30
Plek: Protea Hotel Arthur's Road Sea Point.

Slegs bona fide-lede van die SPCID kan stem by 'n AJV. Alle eiensaaers van eiendomme wat binne die SPCID val, kan lede word sonder enige koste daaraan verbonde, maar moet registreer voor 7 November 2019.

Vir meer besonderhede oor registrasie en dokumentasie gaan na www.seapointcid.co.za, stuur 'n epos aan wayne@seapointcid.co.za of skakel 021 434 1234.

DIE BURGER PROMOSIE

Verjaar jou besigheid binnekort?

Ondernemings van **10 jaar of ouer** kwalifiseer vir hierdie **spesiale verjaarsdagpromosie**

Kontak vir Melanie Els
021 910 6536 • mels@dieburger.com

Elana Afrika's PARENT + BABY BRUNCH
ONDERSTEUN DEUR **FEDHEALTH**
AANGEBIED IN KAAPSTAD

26 OKT 2019
Jou kaartjies sluit 'n prettige en leersame geleentheid in, laatoggend-ontbyt met koffie, tee en vrugtesap, 'n geskenk-sak propvol opwindende produkte, asook 'n bederfstasie deur Epimax.

DIE ZAMBEZI-KAMER by THE RIVER CLUB
Liesbeek Parkway, Observatory
Registrasie 8:15 | Funksie begin 9:00
R250 PER PERSOON besikbaar deur [webtickets](#)

Zane Meas

Vanessa Raphaely

Melissa Swart

Shahana Mia

Elana Afrika's Parent + Baby Bruch, ondersteun deur Fedhealth, in Kaapstad op 26 Oktober 2019. 'n Eksklusiewe ouerskapsgeleentheid vir ma's, pa's en ALLE ouers! Ook ondersteun deur Epimax, The River Club, The Parent Centre, Clamber Club, Die Son, Die Burger en JacarandaFM. Vir meer inligting oor die geleentheid besoek www.babybrunch.co.za

info@babybrunch.co.za | www.babybrunch.co.za

Pad met 163 beeskoppe besaai ná ongeluk

'n Bakkie en sleepwa met meer as honderd beeskoppe daarop gelaai, het gisteroggend tot 'n grillerige ongelukstoneel buite Kroonstad gelei.

Volgens inligting op sosiale media was daar 163 beeskoppe agterop die bakkie en op die sleepwa.

Die bakkie was van Johannesburg in die rigting van Welkom onderweg toe die ongeluk ongeveer 6 km buite Kroonstad gebeur het.

Die bestuurder van die bakkie het beheer oor die voertuig verloor, waarna dit omgeslaan het.

Die pad was besaai met beeskoppe.

'n Maatskappy wat ongelukstonele en chemiese stortings opruim, het die toneel beveilig.

Die polisie het nog nie 'n verklaring oor die voorval uitgereik nie.

– Alet van der Walt

KRY
2^{VR} R25

Besoek jou naaste winkel en geniet jou perfekte-paartjie.

*Tydelike aanbod. Beskikbaar by sekere McDonald's restaurante. Terwyl voorraad hou. Aanbod is van toepassing alleenlik tot een burger en een happie.

Kies 'n burger

Cheeseburger

Chicken Burger

Jalapeño Burger

Boerie Burger

Kies 'n happie

Plain Sundae

Dipped Cone

Small Fries